# Heidelbergse Kategismus

## Sondag: 35



Vraag 96: Wat eis God in die tweede gebod?

Antwoord: Ons mag God op geen enkele manier afbeeld nie en Hom op geen ander manier vereer as wat Hy in sy Woord beveel het nie.

Vraag 97: Mag ons [illegible] d nie beelde maak nie?

Antwoord: God kan en m[illegible] geen enkele manier afgebeeld word nie. D[illegible]epsels mag wel afgebeeld word, maar Go[illegible]ed dat ons van hulle afbeeldings maak en be[illegible] dit te vereer en Hom daardeur te dien.

Vraag [illegible]
in die [illegible]

[illegible]as God [illegible]r stom beelde nie, maar deur die lewende verkondiging van sy Woord laat onderrig.

# Heidelbergse Kategismus

Sondag: 35



Vraag 96: Wat eis God in die tweede gebod?

Antwoord: Ons mag God op geen enkele manier afbeeld nie

Deuteronomium 4:15-16: Omdat julle nie enige sigbare gestalte gesien het op die dag toe die HERE by Horeb met julle uit die vuur gepraat het nie, moet julle uiters versigtig wees ter wille van julleself, sodat julle nie ontaard en vir julle 'n gesnede beeld maak nie: die sigbare gestalte van enige godefiguur, 'n manlike of 'n vroulike afbeelding,

Jesaja 40:18-19: Met wie wil julle God vergelyk? Watter afbeelding wil julle langs Hom stel? 'n Afgodsbeeld wat 'n vakman gegiet het, wat 'n smid met goud oorgetrek het, 'n smid met silwer beslaan het?

Jesaja 40:25: “Met wie wil julle My vergelyk, sodat Ek net soos hulle sal wees?” vra die Heilige.

Handelinge 17:29: “Aangesien ons dan van God se geslag is, moet ons nie dink dat die goddelike wese soos goud of silwer of klip is nie – 'n beeld gevorm deur die vaardigheid en ingewing van 'n mens.

Romeine 1:22-25: Hulle het naamlik die heerlikheid van die onsterflike God verruil vir 'n afbeelding soos dié van 'n sterflike mens en van voëls en viervoetige en kruipende diere. Daarom het God hulle deur middel van die begeertes van hulle harte oorgegee aan onreinheid, naamlik om hulle liggame onder mekaar te onteer – hulle wat die waarheid van God vir die leuen verruil het en geskape wesens aanbid en gedien het in plaas van die Skepper, wat tot in ewigheid lofwaardig is. Amen.

Vraag 96: Wat eis God in die tweede gebod?



Antwoord: Ons mag God op geen enkele manier afbeeld nie en Hom op geen ander manier vereer as wat Hy in sy Woord beveel het nie.

Deuteronomium 12:29-32: Wanneer die HERE jou God die nasies uitroei waarheen jy nou op pad is om hulle voor jou uit te dryf, sal jy, nadat jy hulle verdryf het, in hulle land woon. Wees versigtig dat jy, nadat hulle voor jou uitgedelg is, nie in dieselfde strik trap as hulle en dat jy nie oor hulle gode navraag doen nie deur te sê, 'Hoe dien hierdie nasies hulle gode? Ek wil ook so offer.' Jy mag nie so offer vir die HERE jou God nie, want alles wat vir die HERE afstootlik is, waarin Hy 'n weersin het, offer hulle vir hulle gode. Ja, hulle verbrand selfs hulle seuns en dogters vir hulle gode. "Alles wat ek julle beveel, dit moet julle nougeset nakom. Jy mag daar niks byvoeg en niks daarvan weglaat nie."

1 Samuel 15:23: Ja, opstandigheid is soos die sonde van waarsêery, en eiesinnigheid soos die euwel van huisgode. Omdat jy die woord van die HERE verwerp het, het Hy jou as koning verwerp."

Matteus 15:9: tevergeefs vereer hulle My, want hulle onderrig as leerstellings die voorskrifte van mense.

Vraag 97: Mag ons dan glad nie beelde maak nie?

Antwoord: God kan en mag op geen enkele manier afgebeeld word nie.



Jesaja 40:25: “Met wie wil julle My vergelyk, sodat Ek net soos hulle sal wees?” vra die Heilige.

Vraag 97: Mag ons dan glad nie beelde maak nie?



Antwoord: God kan en mag op geen enkele manier afgebeeld word nie. Die skepsels mag wel afgebeeld word, maar God verbied dat ons van hulle afbeeldings maak en besit om dit te vereer en Hom daardeur te dien.

Eksodus 23:24: Jy mag nie voor hulle gode in aanbidding buig nie en jy mag hulle nie dien nie. Jy mag hulle dade nie nadoen nie, maar jy moet hulle godebeelde heeltemal vernietig en hulle gedenkstene in stukke breek.

Eksodus 34:13-17: Hulle altare moet julle egter afbreek, hulle gedenkstene moet julle stukkend slaan, hulle asjeras moet julle afkap, want jy mag nie voor 'n ander god in aanbidding buig nie, omdat die HERE wie se Naam “Besitlik” is, 'n besitlike God is. Wees op jou hoede dat jy nie 'n verdrag sluit met die inwoners van die land nie. Wanneer hulle agter hulle gode aan hoereer en vir hulle gode offer, sal jy genooi word, en jy sal van hulle offers eet; en jy sal van hulle dogters vir jou seuns neem, en hulle dogters sal agter hulle gode aan hoereer en veroorsaak dat jou seuns ook agter hulle gode aan hoereer. Gegote beelde mag jy nie vir jou maak nie.

Numeri 33:51-52: Praat met die Israeliete en sê vir hulle, ‘Wanneer julle die Jordaan oorsteek na die land Kanaän, moet julle al die inwoners van die land voor julle uit verdryf en al hulle afbeeldings vernietig. Al die namaaksels van hulle gegote beelde moet julle vernietig, en al hulle offerhoogtes moet julle verwoes.

Deuteronomium 12:3-4: Julle moet hulle altare afbreek, hulle gedenkstene stukkend slaan, hulle asjeras verbrand en die beelde van hulle gode stukkend kap. Julle moet hulle naam uit daardie plek uitroei. Julle mag die HERE julle God nie op so 'n manier dien nie.

Vraag 98: Mag ons beelde as "boeke van die leke" in die kerkgebou toelaat?

Antwoord: Nee, want ons moet nie wyser as God wil wees nie. Hy wil sy Christene nie deur stom beelde nie,



Jeremia 10:8: In een opsig is hulle dom en dwaas: Die vermaning deur nietige afgode kom van 'n stuk hout!

Habakuk 2:18-19: Watter nut het 'n gesnede beeld as sy maker hom uitgekerf het? Dit is 'n gegote beeld en 'n leermeester van leuens. Ja, hy vertrou op die maaksel wat hy self geskep het. Wat baat dit om stom, nuttelose afgodsbeelde te maak? Wee hom wat vir 'n stuk hout sê, ‘Word tog wakker!’ en ‘Staan op!’ vir 'n stom klip. Kan dié ding jou iets leer? Kyk, hy is wel oorgetrek met silwer en goud, maar daar is geen lewensasem in nie.

Vraag 98: Mag ons beelde as "boeke van die leke" in die kerkgebou toelaat?



Antwoord: Nee, want ons moet nie wyser as God wil wees nie. Hy wil sy Christene nie deur stom beelde nie, maar deur die lewende verkondiging van sy Woord laat onderrig.

Romeine 10:14-17: Hoe kan hulle Hom dan aanroep, as hulle nie tot geloof in Hom gekom het nie? En hoe kan hulle in iemand glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder iemand wat dit verkondig? En hoe kan hulle dit verkondig as hulle nie gestuur word nie? Soos daar geskryf staan: "Hoe lieflik is die voetstappe van diegene wat die goeie boodskap verkondig!" Nie almal het egter aan die goeie boodskap gehoor gegee nie. Jesaja vra immers: "Here, wie het geglo toe hulle ons gehoor het?" Die geloof kom dus uit die aanhoor, en die aanhoor kom deur die verkondiging van Christus.

2 Timoteus 3:16-17: Elke Skrifdeel is deur God geïnspireer en is nuttig vir onderrig, weerlegging, teregwysing, en opvoeding om God se wil te gehoorsaam, sodat die mens wat aan God behoort, bekwaam kan wees, ten volle toegerus vir elke goeie taak.

2 Petrus 1:19: En daarom beskik ons oor die profetiese woord, wat nog vaster staan. Julle doen die regte ding as julle daarop fokus, soos op 'n lamp wat in 'n donker plek skyn, totdat die dag aanbreek, en die môrester opgaan in julle harte.

Vraag 96: Wat eis God in die tweede gebod?

Antwoord: Ons mag God op geen enkele manier afbeeld nie en Hom op geen ander manier vereer as wat Hy in sy Woord beveel het nie.

Vraag 97: Mag ons dan glad nie beelde maak nie?

Antwoord: God kan en mag op geen enkele manier afgebeeld word nie. Die skepsels mag wel afgebeeld word, maar God verbied dat ons van hulle afbeeldings maak en besit om dit te vereer en Hom daardeur te dien.

Vraag 98: Mag ons beelde as "boeke van die leke" in die kerkgebou toelaat?

Antwoord: Nee, want ons moet nie wyser as God wil wees nie. Hy wil sy Christene nie deur stom beelde nie, maar deur die lewende verkondiging van sy Woord laat onderrig.

## SONDAG: 35 - VRAAG EN ANTWOORD: 96

Vraag: Wat eis God in die tweede gebod?

Antwoord: Ons mag God op geen enkele manier afbeeld nie[1] en Hom op geen ander manier vereer as wat Hy in sy Woord beveel het nie[2].

1 Deuteronomium 4:15-16; Jesaja 40:18-19; Jesaja 40:25; Handelinge 17:29; Romeine 1:22-25

2 Deuteronomium 12:29-32; 1 Samuel 15:23; Matteus 15:9

## SONDAG: 35 - VRAAG EN ANTWOORD: 97

Vraag: Mag ons dan glad nie beelde maak nie?

Antwoord: God kan en mag op geen enkele manier afgebeeld word nie[1]. Die skepsels mag wel afgebeeld word, maar God verbied dat ons van hulle afbeeldings maak en besit om dit te vereer en Hom daardeur te dien[2]

1 Jesaja 40:25

2 Eksodus 23:24; Eksodus 34:13-17; Numeri 33:51-52; Deuteronomium 12:3-4

## SONDAG: 35 - VRAAG EN ANTWOORD: 98

Vraag: Mag ons beelde as "boeke van die leke" in die kerkgebou toelaat?

Antwoord: Nee, want ons moet nie wyser as God wil wees nie. Hy wil sy Christene nie deur stom beelde nie, [1] maar deur die lewende verkondiging van sy Woord laat onderrig[2]

1 Jeremia 10:8; Habakuk 2:18-19

2 Romeine 10:14-17; 2 Timoteus 3:16-17; 2 Petrus 1:19